KLEINMOND

BELASTINGBETALERSVERENIGING

ALGEMENE JAARVERGADERING
21 Desember 2010 om 11.00 vm.
Gereformeerde Kerk/Saal

AGENDA

Opening en verwelkoming.

Presensie.

Konstituering.

Notule: AJV 2009.

Sake uit die notule.

Finansiële Verslag (Tesourier)
Verenigings se fondse
Kleinmond Belastingbetalers Trustfonds
Voorstel:
Honoraria.
Kleinmond Kalender

Voorsittersverslag.
Vrae

Verkiesing van Ampsdraers
Voorsitter (sekr.)
Bestuurslede
Die vul van Onderskeie portefeuljes

Volgende Algemene Jaarvergadering:
Betaalde lede sal per e-pos of pos,
asook in die Overstrand Herald kennis
gegee word van die volgende
Algemene Jaarvergadering in 2010.

Verdaging.

RATEPAYER ASSOCIATION

ANNUAL GENERAL MEETING
21st December 2010 at 11.00 am.
Reformed Church/Hall

AGENDA

1. Opening and welcoming
2. Attendance
3 Constituting
4. Minutes: AGM 2009
5. Matters arising
6. Financial Reports (Treasurer)
6.1 Association's funds
6.2 Ratepayers Trust Fund
6.3 Proposal:
Honoraria
6.4 Kleinmond Calendar
7. Chairperson's report
7.1 Questions
8. Election of Office Bearers
8.1 Chairperson (Sec.)
8.2 Members of the management Committee
8.3 Allocating Portfolio's
9. Next Annual General Meeting
Paid up members will be advised by mail,
E-mail as wel as in the Overstrand Herald
of the next
Annual General Meeting in 2010
10. Adjournment

KLEINMOND BELASTINGBETALERSVERENIGING
KLEINMOND RATEPAYERS ASSOCIATION

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING 15 DESEMBER 2009: GEREFORMEERDE SAAL, KLEINMOND OM 11.00

1. Opening en verwelkoming: Die vergadering word deur Dr. Chris Malan met Skriflesing en gebed geopen waarna die voorsitter almal verwelkom.
2. Presensie: 64 lede is teenwoordig.
3. Konstituering.
4. Notule van die Algemene Jaarvergadering van **2008** word as gelese beskou.
5. Sake uit die notule: Geen
6. Finansiële Verslag
   - 6.1 Die finansiële verslae van die Vereniging en Kleinmond Belastingbetalers Trustfonds, word deur die tesourier voorgelê en deur die vergadering aanvaar.
   - 6.2 'n Voorstel dat 'n honorarium van R600 aan elk van die Voorsitter en sekretaris betaal word , word aanvaar.
   - 6.3 'n Voorstel dat die bestuur, in spesiale omstandighede reiskoste van tot 75% van die SAID se tariewe aan die voorsitter kan vergoed, word aanvaar.
   - 6.4 Die vergadering keur dit goed dat R5000 van die Kleinmond belastingbetalersvereniging se Trustfonds gebruik mag word om die vereniging en sy werking te promoveer en sodoende sy ledetal uit te brei.
7. Voorsittersverslag.

   Die voorsitter lewer 'n bondige uiteensetting van die vereniging se nis, sy werkswyse en dui met die aanhaal van verskeie voorbeelde waaronder die bekostigbare behuising, Arabella en die Gholfbaan, aan hoe die vereniging die afgelope jaar daartoe bygedra het dat belastingbetalers se **batewaarde** beskerm en uitgebou is.

   Die voorsitter se verslag word met dank en waardering aanvaar.

   Sake wat voortspruitend uit die verslag deur lede van die vloer aangespreek is, is onder andere die koste van die uitsuig van riool, die hoogte van die beoogde nuwe hotel, die tolpad, die R44 en die aanstel van lewensredders.
8. Verkiesing van ampsdraers.
   - 8.1 Mnr. Jan-Willem van Staden word eenparig as voorsitter verkies met die volgende as lede van die bestuur: Jannie Viljoen, Andrew Drenth, Mercia Wildebees, Johan Barnard, Gawie Eksteen, Santie Hamman, J. de Clerk en JF Conradie.
   - 8.2 Die Bestuur verkry opdrag om die onderskeie portefeulje poste vanuit die verkose bestuurslede te vul.
   - 8.3 Die vergadering spreek sy dank uit teenoor die kalme en bekwame leiding van die voorsitter die afgelope jaar.
   - **8.4 'n Spesiale word van dank aan die uitredende sekretaris, mnr Johann Heunes vir sy bydrae veral onder moeilike gesondheids probleme.**
9. Volgende Algemene Jaarvergadering:

   Betaalde lede sal per e-pos of pos, asook in die Overstrand Herald kennis gegee word van die volgende Algemene Jaarvergadering in **2010.**
10. Verdaging.

Finansiële verslag van 01 Desember 2009 tot 01 Desember 2010

				R 2010	R 2009
AANVANGSALDO				13 892.47	14 607.20
Saldo 32 Dae deposito by ABSA				12 818.84	13 282.10
Kleinkas				1 073.63	1 325.10
INKOMSTE				8 837.21	3 351.74
Ledegeld				2 510.00	2 610.00
		Aantal	Fooie		
	Dubbel Lidmaatskap	41	40.00	1 640.00	1 640.00
	Enkel Lidmaatskap	29	30.00	870.00	570.00
	Vooruitbetaal	1		-	400.00
Donasies	Kleinmond Belastingbetalers Trust Fonds			5 679.19	200.00
	Datastoor			55.00	
	Pino Marie			110.00	
	Fynbos Tuindienste			100.00	
Rente				383.02	541.74
				R 22 729.68	**R 17 958.94**

		R 2010	R 2009
UITGAWES		6 205.46	4 066.47
Jaarvergadering **Vorige Jaar**		1 975.10	2 489.07
	Fotostate Jaarvergadering	572.50	451.77
	Gefrankeerde Koeverte	215.60	337.50
	Huur Gereformeerde Kerk	128.00	40.00
	Transparante	-	-
	Advertensies ander	399.00	782.00
	Overstrand Herald Advertensie	660.00	877.80
Honoraria		1 200.00	1 200.00
	Voorsitter	600.00	600.00
	Sekretaris	600.00	600.00
Diverse		3 030.36	377.40
	Skryfbehoeftes		77.40
	Hangklip/KleinmondFederasie Ledegeld	100.00	-
	Opstel van Kleinmond Kalender	1 500.00	300.00
	"Hosting" van die webwerf	1 430.36	-
SLUITINGSSALDO		16 524.22	13 892.47
	Saldo 32 Dae deposito by ABSA	15 439.05	12 818.84
	Kleinkas	1 085.17	1 073.63
		R 22 729.68	**R 17 958.94**

KLEINMOND BELASTING BETALERS TRUST FONDS

Vaste Belegging by NEDBANK no.1924 0056, Vervaldatum 17 Julie 2011

Aanvangssaldo		75 061.83
Rente		5 679.19
Na KBBV se ABSA Spaarrekening		-5 679.19
Saldo volgens Staat	11/11/10	**R 75 061.83**

KLEINMOND BELASTINGBETALERSVERENIGING
KLEINMOND RATEPAYERS ASSOCIATION

VOORSITTERSVERSLAG/CHAIRMAN'S REPORT: 2010.

1. INLEIDING

Dit is altyd 'n voorreg om aan die einde van 'n jaar by wyse van 'n jaarverslag 'n oorsig te kan lewer oor die aktiwiteite van ons vereniging. Dit gaan gepaard met 'n diepe dankbaarheid om bevoorreg te wees om in hierdie pragtige dorp te kan bly.

2. MANAGEMENT COMMITTEE

The following persons served on the executive during the past year:

Chairperson	Mr J.W. van Staden
Vice Chairperson and Ward 9 Representative	Dr G Eksteen
Secretary/ Treasurer	Mr J. Viljoen
	Mr A. Drent
	Mrs S. Hamman
	Miss M. Wildebees
	Mr A. Hendricks
	Mr J. Barnard
	Mr J de Clerk
Ward 9 Representative Police Forum	Mr J Conradie
Ward 10 Representative	Mrs S Swanepoel

With the exception of January, and July, 2010, monthly executive meetings were held.

3. STANDING COMMITTEES AND OTHER INVOLVEMENTS

3.1. Hangklip/Kleinmond Federation of Ratepayers Associations

Representatives: J.W. van Staden, J. Barnard

This grouping of ratepayers associations and other interested parties forms an important platform to express our views and concerns to the various governmental bodies, whether provincial or our own local government. In the aftermath of the Arabella court case it was rather a quiet year and there was no major items on our agenda. This does not mean that we must relax our awareness with regards to what is happening in our environment that may affect us.

3.2. Polisie- en Gemeenskapsforum

Verteenwoordiger: J. Conradie

Sake wat verband hou met algemene wetstoepassing en sekuriteit word op hierdie forum bespreek. Spesiale aandag is gegee aan die bywoning van alle betrokkenes by vergaderings en die kwessie van die onwettige besetting van plakkers in die ou "Kafhok".

3.3. Hawe Ontwikkeling

Verteenwoordiger: A. Drent

Die ontwikkeling by die hawe word fyn dop gehou en dit lyk asof die planne nie van die grond wil kom nie. Die KBBV bly 'n belangegroep en ons kry steeds die amptelike korrespondensie in hierdie verband.

3.4. Wykskomitee

Verteenwoordigers: Dr G. Eksteen (Wyk 9), Mnr J Conradie en Mev. S. Swanepoel (Wyk 10)

Die algemene gevoel van wykskomitee lede is dat die plaaslike wykskomitees goed funksioneer met goeie leierskap vanaf die wyksraadslede, mnr. P. Appelgryn en L. van Heerden en die ondersteuning van die plaaslike munisipale amptenare onder leiding van mev. Cecile Jonkheid. ‘n Gees van begrip vir die verskillende belangegroepe het verder ontwikkel en daar word oor die algemeen goed saam gewerk om die verskillende probleme van die wyke aan te spreek.

Ons was gelukkig dat nog ‘n lid van ons bestuur tans ‘n lid van die Wykskomitee is. Dit is Japie Conradie wat die Polisieforum verteenwoordig.

3.5. Gesondheid en Welsyn.

Verteenwoordiger: Mev. S. Hamman

Die bestuur kry gereelde en omvattende terugvoering vanaf hierdie forum en het ook ‘n ondersteunende rol gespeel ten opsigte van die totstandkoming van ‘n bejaarde sorg sentrum. Met ‘n gemeenskap wat ouer word is dit belangrik dat hierdie tipe fasiliteit tydig ontwikkel en uitgebou word.

3.6. “Social Compact” Committee

Representative: J.W. van Staden

The allocation of houses of the new housing scheme is a very sensitive matter. The impression we got after attending some of the meetings is that a lot of effort and planning went into the process of auditing the current waiting list to ensure that the allocation will be done on an equitable and transparent way.

3.7. Oorlaaistasie

Verteenwoordiger: J. Barnard

Oor die algemeen kan ons berig dat die stasie goed bedryf word en dat dit steeds ‘n baie goeie alternatief van ‘n konvensionele vullishoop is. Daar bestaan egter kommer oor die toestand van die gebou. Die sake is tydens wykskomitee vergaderings aan die area bestuurder oorgedra.

Daar is vroeg in die jaar ‘n vergadering met die betrokke raadslede en amptenare gehou om van die knelpunte te bespreek. Goeie vordering is in die verband gemaak, maar daar is steeds aspekte wat nog nie aangespreek is nie. Die KBBV het ook versoek dat die uitvoerbaarheid van ‘n mobiele klipbreker ondersoek moet word om lastige bourommel te verwerk na nuttige opvul material. Op hierdie stadium lyk die moontlikhede egter nie baie positief nie.

4. ALGEMENE SAKE HANTEER

4.1. Verkeer

4.1.1. Veiligheid van die R44 deur die dorp.

Die Wykskomitee het op ‘n onlangse vergadering besluit om ‘n taakspan op die been te bring om die totale impak van die N2 tolpad op die R44 vanaf Gordonsbaai tot by die aansluiting met die R43 by Arabella te ondersoek. Verskeie belangegroepe het al aangedui om deel van die span te wees. Daar is vroeg in die jaar ‘n vergadering gehou om met die werksaamhede van die taakspan te begin. Die grootste bron van kommer is die feit dat die verkeer op die R44 gaan toeneem aangesien dit ‘n alternatief vir die N2 gaan word. Die verdere kommer oor die tolpad bly die risiko dat groot vragmotors die R44 gaan gebruik om tolgeld vry te spring. Presies hoe hierdie risiko hanteer moet word is nog nie duidelik nie.

Op hierdie stadium is daar al kontak gemaak met instansies soos die Siviele Ingenieurswese Fakulteit van US en die Instituut van Siviele Ingenieurs om vas te stel hoe die probleme van grond stabiliteit en belyning van die pad aangespreek kan word. Gelukkig het die taakspan die ondersteuning van ons raadslid en die wykskomitee. Die lede van ons buur wykskomitee is ook betrokke in die taakspan. Die verslag is opgeneem in Kleinmond se ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk en sal beslis impakteer op toekomstige beleidsformulering.

‘n Omvattende verslag is met die hulp van span op gestel en is vir insae beskikbaar op ons nuut geskepte webwerf waarna later verwys sal word.

‘n Vergadering wat in die Strand oor die N2 tolpad bygewoon is het meer duidelikheid oor die tol stelsel gegee. ‘n Paar belangrike aspekte is dat daar wel ‘n gewigbeperkring vir voertuie op die R44 geplaas gaan word en dat verkeer vanaf die R43 (vanaf Kleinmond en Hermanus) na Caledon ook tolgeld sal moet betaal. Tydens die vergadering is kontak gemaak met die belastingbetalers vereniging van Gordonsbaai wat baie van ons bekommernisse deel.

4.1.2. Verkeersimpakstudie

Ons is steeds van mening dat in die lig van al die ontwikkelings wat reeds in Kleinmond plaas gevind het en die ontwikkelings wat nog beplan word ‘n omvattende verkeers impak studie in die afsienbare toekoms gedoen sal moet word. Tydens ‘n onlangse begrotings vergadering het ons ‘n bedrag op die kapitaal begroting vir Kleinmond voorgestel en dit is aanvaar as ‘n kapitaal item vir die volgende finansiële jaar.

Die eerste vergadering met die betrokke personeel van die munisipaliteit en raadgewende ingenieurs is onlangs gehou. Ons sien baie uit na goeie vordering in hierdie verband.

4.2. Begrotings

Die skerp stygings in beide water en krag tariewe bly ‘n bron van kommer. Ons het sinvolle kommentaar ten opsigte van die begroting aan die munisipaliteit deur gestuur, maar helaas het dit nie ‘n groot verskil gemaak nie.

Die implementering van die nuwe riool tariewe het groot verwarring veroorsaak en ons het ons webwerf beskikbaar gestel aan die munisipaliteit om verdere inligting in hierdie verband te versprei.

Ons glo dat die beginsels waarvolgens die riool tariewe gehef word die regte manier is om die besoedeling van ons grondwater aan te spreek. Daar is egter aspekte waarmee ons nie gelukkig is nie en wat ons verder sal opvolg.

Ander tariewe waarmee ons nie gelukkig is nie is die heffing van hawe fooie gedurende die seisoen tye. Dit sal ook verder opgevolg word.

Ten opsigte van die kapitaal begroting kan ons weereens meld dat ons tevrede is dat ‘n groot persentasie van die fondse vir die opgradering van infrastruktuur aan gewend word.

4.3. Karakter van Kleinmond

Die laekoste behuisings projek vorder tans goed en ons is veral baie dankbaar dat die voorkoms van die huisies baie beter is as ander projekte wat ons al gesien het. Daarby is ons ook dankbaar dat ons suksesvol was om die bou van ‘n verder 200 huise bokant die Eskom kraglyn te keer. Ons is jammer vir die mense wat nie huise gekry het nie, maar dit is ook ondenkbaar dat die hele berghang nou vol geboue was.

Op hierdie stadium hoor ons nie veel van enige verdere verwikkelinge ten opsigte van die gholfbaan nie. Dit lyk ook asof die uitbreidings by Heuningkloof nou eers stil is.

4.4. Infrastruktuur

4.4.1. Teer van Strate

Ons is dankbaar vir die strate wat vanjaar in Kleinmond herseël is en ons sien uit na die volgende fase in die opgradering van ons strate.

.

4.4.2. Beplanning vorentoe

Die verdere uitbreiding van ons riool stelsel bly hoog op ons wenslys en daar word tans voldoende aandag daaraan gegee. Die opgradering van die water en krag verspreiding netwerke geniet ook hoë prioriteite in die kapitaal begroting.

4.5. Webwerf

Daar is goed gevorder met die opstel en bedryf van ons eie webwerf. Ons het al heelwat belangstelling gekry en dit skep ‘n nuttige forum vir die uitstuur en inwin van inligting. ‘n Besondere woord van dank aan Jannie Viljoen en sy span vir die energie en tyd wat hulle in die projek gesit het. Die web adres is: www.kleinmondkalender.co.za .

4.6. Hawe ontwikkeling

Ons probeer om op ‘n deurlopende basis ingelig te bly oor die verwikkelinge ten opsigte van die hawe. Dit is ‘n vaste agendapunt tydens ons maandelikse vergaderings asook ‘n agendapunt by die wyksvergaderings. Op hierdie stadium is daar egter nie veel om oor verslag te doen nie.

4.7. Stadsbeplanning

Al die afwykings van normale sonerings regulasies word ook aan die KBBV gestuur. Daar was geen afwykings wat deur ons teen gestaan was nie. Ons laat ons in sulke gevalle lei deur die reaksie van die omringende grond eienaars. Tensy dit abnormale impak het, het ons nie ‘n probleem as die bure tevrede is nie.

4.8. Nuwe wyksafbakening

Die nuwe wyksafbakening is nou goed gekeur, maar gelukkig bly Heuningkloof nog deel van wyk 9 (Kleinmond). Palmiet, ‘n deel van Proteadorp en die plakkerskamp word nou deel van Wyk 10. As gevolg van die nuwe afbakening het ons ‘n groter belang in Wyk 10 en dit sal ‘n groot uitdaging vir die buurdorpe wees om die nuwe scenario tot voordeel van hulle inwoners te hanteer. Ons is bly dat ons tans steeds ‘n verteenwoordiger van ons bestuur op die Wykskomitee van Wyk 10 het.

4.9. Skakeling met Munisipaliteit

‘n Sinvolle vergadering is vroeg in die jaar met die raadslid van Wyk 9 en die Area bestuurder gehou. Sake wat bespreek was is onder andere die voorkoms van die dorp, hantering van klagtes, gesagslyne en verantwoordelikhede, die “Kafhok”, wetstoepassing, bestuur van karavaanparke en infrastruktuur aangeleenthede.

5. DIE TOEKOMS

Kleinmond is en bly ‘n lekker dorp om in te bly en ons wil dit graag so behou. Nuwe sake wat in die komende jaar aandag sal geniet is die volgende:

- Die estetika van nuwe geboue. Ons wil kyk of dit nie moontlik is om ‘n tipe boustyl in Kleinmond te identifiseer nie en dit dan verder uit te bou.
- Langtermyn volhoubaarheid van infrastruktuur. Ons bly bekommerd oor die impak van volgehoue nuwe ontwikkeling van die dorp. Soos reeds gemeld is daar kommer oor die nasionale vermoë om voldoende krag te voorsien. Ons weet ook nie vir hoe lank ons genoegsame water uit die Palmietrivier gaan kry nie. Op al die dokumentasie wat ons al onder oë gekry het oor die beskikbaarheid van dienste word daar maar baie min gemeld oor die werklike vermoë van die primêre bronne.
- Arabella 2 het weer op die horison verskyn. Ons sal graag in die nuwe jaar ‘n spesiale vergadering met ons lede wil hou om te besluit hoe ons die saak verder sal hanteer. U insette in hierdie verband sal belangrik wees.

6. GENERAL

In general terms, we still like to think that we are fortunate to have a municipality, which is still functioning effectively. We still have clean water, (barely) sufficient electricity, storm water systems that are working, some of our roads get repaired, and our sewage disposal is still working satisfactory. It is imperative that we stay involved in local matters and also important that we get feedback from our members to steer our efforts in the right direction.

We have to take cognisance of the fact that our council is a third sphere government and subject to the whims of central and provincial governments. If necessary we have to support them in protecting our interests. There is sufficient evidence that with enough political will, good governance can be maintained.

7. BEDANKINGS

Aan die einde van ‘n besige jaar wil ons graag die volgende bedankings doen.

- Aan die lede van ons vereniging sonder wie ons nie kan bestaan nie. Dankie vir u vertroue en ondersteuning van die afgelope jaar.
- Lede van die bestuur wat op ‘n onbaatsugtige wyse uitvoering gegee het aan die mandaat wat aan hulle opgedra is.
- Lede van ander belangegroepe met wie ons die afgelope jaar goed saam gewerk het en goeie verhoudings gebou het.
- Die Area bestuurder en haar personeel vir die werk wat hulle doen om ons dorp steeds goed te laat funksioneer.
- Raadslede Appelgrein en Van Heerden vir hulle betrokkenheid by die sake van die dorp en beskikbaarheid vir gesprekke en samesprekings.
- Mnr Dries Vermeulen vir sy belangstelling in die aktiwiteite van ons vereniging en dorp.
- Mnre. Jacques Malan en Jaco Cilliers van Digital Plasma Advertising vir gratis advertensies op skerm in Spar.
- Kleinmond Boekwinkel wat ons advertensie op SPAR se stoep daagliks vertoon het.

Met dank,

J.W. van Staden, Voorsitter